

Bybel vir Kinders

bied aan

Jesus het die
Stormagtige
See stil gemaak



Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Janie Forest
Alastair Paterson

Aangepas deur: Ruth Klassen


Vertaal deur: Yvette Brits

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2021 Bible for Children, Inc.

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.





Jesus en sy
dissipels was op
'n boot toe daar
skielik 'n hewige
storm losbars.
Dit slaan die See
van Galilea in 'n
furie. Die storm
kan veroorsaak
dat 'n skip sink
en die mense
verdrink.




Die storm het die dissipels bang gemaak. Golwe het oor die boot geslaan en die boot gevul met water. Maar Jesus het geslaap in die storm. Die dissipels maak Jesus wakker, skreugend, "Here, red ons! Ons vergaan!"



Hy sê vir hulle: "Waarom is julle bang,
kleingelowiges?" Daarna het Hy opgestaan en die
wind en die see hard aangespreek, om op te hou
waai.



En die wind het kalmeer ... en die see het rustig
en stil geword. Die dissipels het verwonderd gesê:
"Watter soort mens is Hy dat selfs die wind en die
see Hom gehoorsaam?"





Later in die dag, het Jesus nog 'n besige dag gehad. Meer as 5000 mense het hom gevolg na 'n verlate plek. Met God se krag, het Jesus al die mense gevoed. Slegs met een seuntjie se middagete.

Dit was aand. Jesus het almal teruggestuur.



Jesus het die dissipels in die skuit laat klim om solank voor Hom uit te vaar na die oorkant toe.





Nadat Hy die mense weggestuur het, het Hy alleen na die berg toe gegaan om te bid. Toe dit aand word, was Hy daar alleen.





Die dissipels
was skaars op
see toe hulle in 'n
windstorm vasgevang
was. Die storm
het gekeer
dat hulle na
die ander
kant kon
gaan, al
het hulle
vir ure
geroei.





Die dissipels het
nie geweet nie,
maar daar het 'n
groot verrassing
vir hulle gewag.





Met dagbreek die volgende oggend het die dissipels Hom op die see sien loop, hulle het groot geskrik en gesê: "Dis 'n spook!" van angs het hulle hard begin skree.





"Maar dit
was Jesus,
hulle Here en
Meester wat
na hulle toe
GELOOP HET
OP WATER".



Maar Jesus het dadelik met hulle gepraat en gesê: "Wees gerus, dit is ek, Moenie bang wees nie." Toe sê Petrus vir Hom: "Here, as dit regtig U is, bevel my om op die water na U toe te kom." "Kom!" sê Hy. Petrus het uit die skuit geklim, op die water begin loop en naby Jesus gekom.





Maar toe Petrus sien hoe sterk is die wind, het hy bang geword en begin sink en uitgeroep: "Here, red my!"



Dadelik het Jesus sy hand uitgesteek, hom gegryp en vir hom gesê: "Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?" Hulle het toe in die skuit geklim, en die wind het gaan lê.



Die manne in die skuit
het voor Jesus gekniel
en gesê: "U is waarlik
die Seun van God."



Jesus het die Stormagtige See stil gemaak

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Matteus 8, Matteus 14, Markus 4,
Lukas 8

"Die lees van die Woord gee lig."

Psalms 119:130



Die Einde



Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16

